Sit jou hart in die opbou van jou medemens!

Ds. Willem Louw: NG Kerk Miederpark

Skrif. Ef.1:22-23

1. Aan wie behoort die kerk?

Ef.1:22 sê God die Vader het Jesus Christus as hoof van die kerk aangestel.
Die kerk waarna hier verwys word, is nie ’n gebou nie. Dit dui die universele kerk aan. **Alle gelowiges is die kerk**. Alle gelowiges oor die wêreld, ongeag gemeente of kerkverband, is dus Kerk van God. **Hierdie gemeente se gelowiges is dus ook kerk van God**. Waar twee of drie gelowiges bymekaar is daar is Jesus midde in Sy kerk. **God die Heilige Gees woon in elke wedergebore Christen**. **Sy Gees leef en werk dus deur ons, Sy kerk!**

2. Wat moet die kerk doen?

Ef.1:23 sê die kerk is Jesus Christus se liggaam. **Die volheid van Hom wat alles in almal vervul.** Dit beteken God wil in Sy volheid deur ons as gelowiges werk om al Sy drome te vervul. Hy het dus nie ’n plan B nie. God wil dit deur jou en my doen: of dit gaan oor die redding van ’n mens en of ek liefde en deernis aan iemand moet bewys, **God wil dit graag deur ons, Sy kerk doen. Daarom het God self in ons kom woon.** Alleen so kan ek en God een word en kan Hy volkome deur my leef. Omdat God die Gees in ons woon en ons besit, behoort ons mekaar ook op te bou en in liefde te ondersteun om ons volle potensiaal vir Jesus te leef.

3. Hoe breek ons die kerk af?

Elkeen van ons was al deel van slegte gesprekke. Na so ‘n ervaring hoop mens jy hoef dit nooit weer te belewe nie!Maar dan beleef jy dit dikwels sowaar weer!
Die **ironie is dat ons self verantwoordelik is vir baie van daardie slegte ervaringe**.

Die lekkerste storie om oor te vertel, is altyd die slegste storie. Ons kan so maklik negatiewe nuus aandra en kwaadpraat van mekaar (God se kerk). **Het ek en jy al**

ooit besef waarmee ons besig is as ons slegte dinge oor mekaar sê? Dan is ons besig om God se kerk af te breek en te verwoes. **Ef.4:29-30** sê sommer reguit vuiltaal en slegte dinge **mag nooit uit ons mond kom nie**. Die teks sê **ons mag net dinge sê wat goed en opbouend is.** Enige sondige gedagtes, woorde of dade wat ek gebruik, gebruik Satan indirek om die Kerk te verwoes.

4. Hoe bou ons die kerk?

Die kerk word opgebou wanneer ons mekaar doelgerig opbou. Ef.4:23-24 sê: "Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is; **lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig."**

Ons is dus beelddraers van God. God se Gees woon in ons. Ons behoort aan God. Ons is gekoop deur Sy bloed. Ons is deel van Sy bloed familie. ***Die Bybel praat van die gelowiges as die liggaam of huisgesin van God. Sy DNA, sy karakter, Sy bloedlyn loop dus deur ons. Daarom begeer God dat mense Sy beeld, Sy karakter eienskappe en Sy waardes in ons lewe en optrede sal sien.*** In kort sê **1Joh.2:6** *"Wie beweer dat hy in Hom bly, behoort self ook te lewe soos wat Jesus gelewe het"*

Dit is dus baie duidelik dat ons glad nie woorde mag gebruik wat mekaar (die kerk) afkraak nie, want dit is dan God se liggaam, Sy beeld, Sy Kerk wat ons afkraak. Ek mag ook nie kwaadpraat van 'n ander gemeente of 'n ander kerkverband nie. **Ef.4:29** sê uitdruklik: ***"praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede."*** Ons sukkel hiermee. Ons moet dit erken, bely en die Gees wat in ons woon toelaat om beheer oor ons gedrag te neem.

Die geheime wapen wat die Gees ons gee om oorwinnend te leef, is liefde. Liefde vir God en liefde vir mekaar. Sonder liefde help alles niks nie. Kennis, planne, strukture, getalle ens. Help niks, as jy nie die liefde het nie. Sonder liefde misluk alles.

- **Die SWOT analise** wat ons verlede week gedoen het om te kyk wat is ons gemeente se sterkpunte, swakste punte, bedreigings en uitdagings en waar behoort ons, in die toekoms ons energie en krag as gemeente te fokus om die gemeente se dissipelskapleefstyl na 'n volgende vlak te neem, het uitgewys:
  ***Sterkpunte*:** Goeie prediking en sterk aktiewe bedieninge waarvan sending die sterkste punt behaal het.
  Swakpunte: Die gemeente se grootste swakpunt is gebrek aan onderlinge liefde. (Regdeur van die leiers tot op lidmaatvlak.) (Tenspyte daarvan dat sommige lidmate aangedui het dat hulle wel liefde ervaar in die gemeente, vaar ons steeds in die aspek die swakste!)
  ***Bedreigings*:** Wat is ons grootste bedreiging? Dit sluit aan by bogenoemde. Mense wat nie liefde ontvang nie of liefde kan gee nie, raak gou kwaad en loop weg. (Ongeag die redes ookal wat daarvoor aangevoer word om dit te regverdig)

Ek dink die SWOT analise het die spyker op die kop geslaan. (Ons gaan hierdie SWOTanalise ernstig opneem en op 'n paar kern sake fokus om dit so gou moontlik reg te stel).

Kom ons gesels nou oor liefde. Die GROOT TE KORTKOMING:
***Liefde het baie fasette*. Een faset daarvan is hoe ons oor mekaar en met mekaar praat!**
Dit is tog logies dat as jy lief is vir jou eie vrou, man of kind, sal jy hulle nie sleg sê nie. Nog minder sal jy hulle agteraf loop en beswadder**. Dis tog jou familie vir wie jy omgee en wie jy lief het en wie jy wil beskerm!**

So behoort ons ook oor God en sy familie van gelowiges te voel. Let op wanneer begin familie lede mekaar afkraak en slegsê. Dit begin vanaf die oomblik dat hulle nie meer werklik lief is vir mekaar nie. God weet dit. Daarom sê die Woord:
1Joh.4:8 "Wie nie lief het nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde."

1Joh.4:12 "Niemand het God nog ooit gesien nie, maar **as ons mekaar liefhet** bly God in ons en **het sy liefde in ons sy doel volkome bereik**." (Kyk mooi: Wanneer bly God in ons? Wanner bereik God Sy doel volkome in ons?)
Het u al opgelet hoe maklik ons in ons alledaagse handel en wandel ons eie gemeente afkraak? Dit het amper 'n kultuur geword om maar van enige iemand en enige ding net te sê wat jy dink of voel. Vra jou net een oomblik af: Hoe voel God, wat elke woord hoor, daaroor? Dink daaraan hoe verlustig Satan hom oor die pyn en hartseer wat ons optrede oor God bring! (En ons is die oorsaak).

5. God het 'n mooi doel en 'n goeie plan met elke lidmaat

Dis waar. God het die mens verskillend gemaak. Hy het vir elkeen verskillende gawes gegee soos wat Hy dit wou doen (1Kor.12:8-10,28; Rom.12:6-8 ens.). **God het dus elke mens verskillende gawes en verskillende persoonlikhede gegee.** Selfs al voel jy in jou hart ek hou nie van die korrelkop omie, of die temerige tannie, of die voortvarende jongman, of die emosionele dogter nie. <u>God het ons so gemaak en Hy het ons in die spesifieke gemeente met 'n spesifieke doel gesit. Ons is nie maar toevallig in hierdie gemeente nie.</u> **1Kor.12:18** sê: "*Maar nou het God die lede, elkeen van hulle afsonderlik, in die liggaam gevoeg soos Hy dit wou hê."*

6. Hoekom het God jou en my in die gemeente geplaas?

Ef.4:16 sê God se bedoeling was dat as elkeen sy gawes gebruik en daardie roeping wat God vir jou het, vervul, dan bou die Kerk homself in liefde op. (***Let mooi op: Ons bou mekaar vanself op deur liefde)***

Ef.4:11 noem 'n paar gawes wat God aan Sy kerk gegee het en sê dan baie duidelik in die twaalfde vers: ***"Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou in die liggaam van Christus."*** <u>God begeer dus dat ons mekaar sal opbou en nie sal afbreek nie.</u> Dat ons vriendelik en geduldig met mekaar sal wees en mekaar **in liefde** sal verdra en die eenheid wat die Gees tussen ons gesmee het, sal handhaaf (Ef.4:2-3). So kan ons saam groei in ons kennis van God en in ons geloof in God.

7. Woorde kan God se gemeente bou of breek!

Woorde het mag. Saam met elke woord wat jy uitspreek gaan daar invloed uit. Die woorde wat jy uitspreek word altyd met ’n sekere gesindheid bedoel. Dit kan of liefdevol en opbouend bedoel word, of afbrekend. Daar kan net een van twee magte agter jou woorde skuil: of die mag van Satan of die krag van Jesus.

Jesus gee erkenning aan hierdie beginsel. In **Mt.10:11-14** moedig Jesus sy dissipels aan om mense wat hulle goed ontvang en met liefde versorg te **seën met ’n vredewens.** As dit nie die geval is nie, vra Jesus om die vredewens van hulle te weerhou! Let op: **Jesus weet dat die woorde wat jy uitspreek in Sy Naam en in Sy krag, daardie woorde gaan waar word. ‘n Realiteit word.**
Die omgekeerde kan ook plaasvind. (Anders sou Jesus nie gesê het weerhou jou seën van diegene wat dit nie toekom nie!) Waar gebeur die omgekeerde? Daar waar God afwesig is. Daar waar jy in Satan se krag wil optree. Satan geniet dit dan eintlik want dan word jy ’n instrument wat verwoes en afbreek in plaas van opbou.

- **Voorbeeld van Negatiewe woorde:**

Ek luister die week na iemand wat my vertel van ’n ware verhaal. In ’n sekere dorp was daar ’n pragtige jong getroude paartjie met twee klein kindertjies. Oorkant hul huis in die straat was ’n jaloerse vrou wat nie hierdie vrou geluk wou gun nie want sy wou eintlik so gelukkig getroud wees soos die paartjie, maar sy kon nie ’n huweliksmaat vind nie. Toe begin sy ’n slegte gerug oor die man versprei dat hy ontrou is aan sy vrou. Sy het hulle vanuit haar huis oorkant die straat dopgehou. Die slegte gerugte oor die man het deur die hele dorp gegaan en uiteindelik die vrou se ore bereik. Op ’n dag toe die man weer van werk tuis kom, was sy vrou en kinders weg. Die vrou kon die trauma nie verwerk nie en het haar en die kinders se lewe geneem. Dit alles was die gevolg van kwaadpraat

8. Mag ek dan nooit kritiek lewer nie?

Hieroor is die Skrif ook duidelik. **Natuurlik mag ons opbouende kritiek lewer**. Jesus het dit ook gedoen, maar dan moet ons dit met liefde doen op die regte tyd

en plek (vgl. Mt.18:15-18). **Afbrekende kritiek help egter absoluut niks en is van die duiwel.**

Maar, as jy kwaad bly en verbitterd bly, dan impliseer dit jy het die persoon nie vergewe en vrygespreek nie. In **Mt.6:12-15** maak Jesus 'n opmerking wat ons nie ligtelik moet opneem nie. Hy leer sy dissipels bid: *"…en vergeef ons oortredings soos, ons ook die vergewe wat teen ons oortree".* God beklemtoon dus dat as jy onvergewens gesindheid in jou hart het teenoor iemand anders en hom of haar nie wil vergewe nie, gaan dit jou ook benadeel. **God herinner ons aan Sy genade. Pasop dat Hy nie jou behandel soos jy ander behandel nie!** God sien altyd ons ware en gesindheid diep in ons hart!

9. Hoe moet ons dan kwaadpraters hanteer?

Die Skrif leer ons om kwaadpraters dadelik reg te help. Ons moenie huiwer om mense wat van hul medegelowiges kwaadpraat **in liefde reg te help nie**.
Rom.12:18-19 sê moenie kwaad met kwaad vergeld nie, maar laat dit oor aan die oordeel van God. (lees ook 1Pet.2:12)

Tenslotte: 'n mooi verhaaltjie

Miskien onthou u die pragtige film met die naam" "Polly-Anna". In die prent sien ons die verhaal van 'n liefdevolle vrolike dogtertjie wat by haar knorrige suurpruim tannie in haar dorpshuis moet gaan bly. Niemand in die dorp wou iets te doen hê met die suurpruim vrou nie. Almal het haar vermy en almal in die dorp het oor almal geskinder en voortdurend lelike dinge van mekaar gesê.
Die dogtertjie het 'n speletjie begin speel met haar tannie. Elke dag het sy gevra noem drie dinge waaroor jy vandag gelukkig kan wees. Eers kon die tannie nie een rede vind nie. Maar Polly-Anna het almal se kwaai buie en knorrige humeure in die dorp geïgnoreer en al huppelende en dartelende met almal in die dorp dieselfde speletjie gespeel. Sy het geleidelik die hele dorp se hart gesteel en uiteindelik almal se gesindheid verander. Die film eindig waar sy uit 'n boom val en seerkry. Ek kan nie onthou of sy haar bene en arm gebreek het nie, maar sy kon nie loop nie. Die gevolg was dat almal in die dorp na haar verlang het en vir haar

jammer gevoel het. Toe het die hele dorp wat nooit by die suurpruim vrou se huis wou kom nie, almal een vir een spontaan daarheen gegaan om ook vir Polly-Anna op te beur. Uiteindelik het almal in die dorp daar gestaan en saam met Polly-Anna mooi dinge opgenoem vir mekaar en mekaar met mooi woorde geseën.
U sien dus een goeie positiewe Christen wat volhard om goeie woorde uit te spreek, kan ’n hele gemeente en ’n hele dorp verander!

Kom ons aanvaar almal die uitdaging en begin almal saam , soos Polly-Anna, ’n positiewe opbouende verskil vir God maak. Gebruik mooi woorde en praat positief oor jou gemeente, jou medegelowiges en die Kerk van Jesus. Kom ons stel ons daarop in om op te bou waar ons kom en nooit af te breek nie. Sal dit nie fantasties wees as ons volgende SWOTanalise wys. Hierdie gemeente is ‘n fontein van liefde wat soos ‘n stroom water deur ‘n stukkende wêreld vloei nie!

Amen